DIE BURGER
Ons nuwe koerant vir 'n nuwe wêreld

Ware kuns styg uit bo ideologie

Gabriel Botma 09/07/2004 08:24 - (SA)

GRAHAMSTAD. - Dit is 'n irriterende cliché om hoopvol na die jeug as "die toekoms" te verwys. Maar dalk is dit tog waar vir Suid-Afrika, waar sogenaamde volwasse gesprekke oor die geskiedenis en die hede selfs op die 30ste Nasionale Kunstefees gou in 'n vervelende bekendheid kan verval.

Neem nou maar die "opspraak" wat hier in die media ontstaan het omdat sommige tradisionele leiers beswaar gemaak het teen die tentoonstelling *Initiation as a rite of passage* in die Albany-museum.

Vergeet maar dat dit sinvolle debat in daardie ge ledere gaan stimuleer oor onder meer die gewelddadige en seksistiese aard van 'n (uitgediende?) tradisionele gebruik.

Die leiers wil alle kritiek eerder onder die dekmantel van "heilige tradisie" toegooi. As petalje herinner dit nogal aan die openbare prominensie wat stiksienige uitsprake van NG predikante in die ou bedeling gekry het.

Ja, die nuwe heilige koeie moet ook gevoer word. Die plaaslike sangeres Tutu Puoane, vanjaar se Standard Bank Jong Kunstenaar vir jazz, moes dus seker onder geweldige druk gewees het met haar terugkeer-konsert hier in die DSG-saal ná 'n studie-verblyf in Nederland. Met die amptelike stempel dat sy die volgende generasie van Afrika-sterre gaan lei, en talle van haar familie, vriende en kennisse in die gehoor, was daar seker sterk (hopelik darem net nie-amptelike) voorskriftelike verwagtinge van die program. Soos dat dit 'n opwekkingsdiens vir die saak van die Afrika-renaissance sou word.

Maar Puoane, wat talent en temperament in gelyke groot mate ontvang het, het haar eie idees gehad. Eerstens het sy verras met die samestelling van haar ondersteuningsgroep - sonder uitsondering leliewit Europeërs wat nog nie tevore 'n voet op die Moederkontinent gesit het nie. Wat Puoane dus wel in Ewout Pierreux (klavier), Rodrigo Reijers (kontrabas) en Yves Peeters (tromme) raakgesien het, behalwe hul vergelykbare jeugdigheid, is 'n talent en passie vir die grensoorskrydende, universele taal van jazz. Puoane het voorts vreesloos en mildelik uit die musiekskatkis opgediep dit waarvan sy hou - van speelse standaardstukke, ballades en blues tot haar gunsteling-komponiste van reg oor die wêreld, ook uit die populêre oeuvre. Die boodskap was duidelik: Dis nou haar oomblik in die kollig.

Nie dat Puoane haar vir haar afkoms skaam nie - sy het die gehoor aan die begin hoflik in Xhosa gegroet, later 'n verwerking van 'n tradisionele liedjie onder dawerende goedkeuring uitgevoer, en aan die einde hulde aan eietydse Afrika-jazz gebring.

'n Uitsonderlike stem en verhoogpersoonlikheid soos Puoane s'n sal altyd bo groepsdenke, vooroordeel en ideologie uitstyg.